

10 Junie

Skrifgedeelte: Prediker 8:1-10 (OAV)

Fokusgedeelte: Prediker 8:2

Onderwerp jou in gehoorsaamheid!

Die neiging om te rebelleer, te doen wat jy wil, is aan die orde van die dag. Dit is 'n sondige reaksie wat reeds in die paradys reeds sy inslag gekry het met Adam en Eva. Daar het die mens hom in ongehoorsaamheid verset teen die Here en tot vandag duur dit voort! Ons sien dit met ons kinders wat rebelleer teen ouerlike gesag en so duur dit voort met ons gesindhede teenoor die regering, ons werkgewers en selfs in die kerk teenoor die Woord van die Here!

Die Prediker vermaan ons om aan die Koning gehoorsaam te wees ter wille van die eed by God. God het aan die koning mag gegee, eer jou vader en moeder, vereis die wet, God beveel dit en dit bring 'n verantwoordelikheid. Die mens het riglyne en orde nodig om te kan funksioneer en God is 'n God van orde.

Wat is die rol van die gesagsdraer? Die koning is ook deur God aangestel. Die gesagsdraer is oor ons gestel, net soos ons vader en moeder. Die gesag van die owerheid (koning) kom van God en nie uit die mens, sy verstand, die natuur of uit vorste nie. Die staatsowerheid is deur God daargestel en deur God in die lewe geroep om God se geregtigheid te bedien. Aanvaar in nederigheid die gesag, want die koning het ook die ook die mag om te straf (vs 3-4). En vertrou op die Here! Behou die geloof. Uit onself kan ons nie oorwin nie, maar die Here is daar, skuil by Hom. Dit is ons hoop! Christus regeer, alle mag is aan Hom gegee deur die Vader, en geen uitbuiting, geen ongeregtigheid gaan ooit ongemerk verby nie.

Moenie verskrik wees oor dit wat hier in die wêreld gebeur nie, oor dit wat hier in ons land gebeur nie, nee, vertrou op die Here in gehoorsaamheid ook aan hulle wat Hy oor ons gestel het. Vir ons sondes het Jesus gesterwe, Hy regeer! Ons beloning is nie in hierdie wêreld nie. Ons beloning is in Christus.

Sing: Psalm 99:1, 3 (1936)

Ds LAS Nel (Elandskraal)